

13 Oktober

Skrifgedeelte: Matteus 9:35-38
Fokusgedeelte: Matteus 9:38

Bid die Here om ons sy geroepe arbeiders te maak!

Wys my 'n kerk sonder 'n oes en ek wys jou 'n kerk sonder blydskap! Baie van Israel se feestye was rondom oestyd gebou. Hulle het dan gedans en die blydskap was volop. As Jesus dan vir sy dissipels sê: *“Die oes is groot, maar die arbeiders min. Bid dan ...”* het die dissipels met wie Hy gepraat het nog nie heeltemal besef hoe groot die oes, hoe min die arbeiders en hoe groot die krag van die gebed in die werwing van arbeiders was nie.

Die HERE het hierdie woorde veral met die oog op die toekoms, die tydperk ná sy hemelvaart, uitgespreek. En Hy het bedoel dat dit vir alle tye moes geld. Hy wou aan ons bekendmaak dat, waar daar ook al 'n behoefte mag bestaan aan arbeiders om die Woord te verkondig, *gebed* die beste, van God gewilde, allersekerste manier is om in daardie behoefte te voorsien.

Tree met God in gesprek. Vra Hom om arbeiders te vind vir die insameling van die oes. Meer nog, bid tot God wat ons gebede verhoor, dat sy Gees ons oë oopmaak om die ryp oes te sien, ons hande sterk maak om die oes te wil inbring en ons voete gewillig maak om te gaan en die oes in te bring. Jesaja 6:8 – *“Toe het ek die HERE hoor vra: ‘Wie kan Ek stuur? Wie sal ons boodskapper wees?’ Ek het geantwoord: ‘Hier is ek, stuur my!’”*

Is ons bereid om deel van God se oesspan te wees? Bid die HERE om ons sy geroepe arbeiders te maak en gaan dan daar waar die HERE jou wil stuur en bring die oes in. Bid dat die arbeiders wat reeds in die lande besig is nie geestelik moeg word en uitsak nie.

Is die arbeiders nie dalk min omdat jǒú plek leeg is nie?

Sing: Psalm 72-1:10 (1936)

Dr. De W Saaiman (Durban-Noord)